# NUUSBRIEF

APRIL-JUNIE 2026

Christian Community Ministry NPC
Joh 17v21

NEIL OLWAGEN
082 960 5687

## "Oor my dooie liggaam"

"Oor my dooie liggaam!" sê iemand die ander dag vasberade. Dadelik weet jy; geen teenargument sal geduld word nie. Die lyn is getrek. Die voet is neergesit.

Maar wat beteken *'oor my dooie liggaam'* nou eintlik? Soos wat ek die idioom in my kop rondrol, besef ek dat dit 'n vreeslike ding is om te sê. Dit beteken letterlik dat iemand jou sal moet doodmaak voordat jy van standpunt sal verander.

Maar dan weer... *Is 'n 'dooie liggaam' nie juis wat nodig is om werklik te kan LEEF nie? Paulus roep ons in Romeine 8:13 op om die "werke van die liggaam dood te maak..."...want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.*

Het jy ook al ervaar dat die Here dikwels iets van jou vra wat vir jou onmoontlik lyk om te doen?

Dalk moet jy verantwoordelikheid neem vir iemand en dit maak inbreuk op jou eie persoonlike tyd en gerief?

Dalk moet jy afstand doen van dinge wat vir jou kosbaar is en jy sien eenvoudig nie kans nie.

In my eie lewe het ek besef dat dit waarvoor ek nie kans sien nie, grootliks te doen het met my eie begeertes en gerief en planne wat ek nie wil prysgee nie.

Jesus vra egter van my 'n 'dooie liggaam' wat sterf aan eie belang. Jesus vra 'n 'dooie liggaam' wat totaal oorgee aan Hom. Net in gehoorsaamheid aan Hom is ware LEWE 'n realiteit.

**Soos wat Hy gehoorsaam was tot die dood, moet ons gehoorsaam wees.**

Die kosbare Filippense 2:5-7 vertel hoe Jesus Homself verneder het, neergelê het, oorgegee het. Hoe Hy die heerlikheid van die Hemel verruil het vir die skande van die kruis.

Die redding van verlore siele was vir Jesus ononderhandelbaar. Daarom verseg Hy om legioene engele te kommandeer om Hom te red van die soldate en tempelwagte.

Hy weier om Sy aanklaers en spotters met die asem van Sy mond te vernietig.

Hy ignoreer die uitdaging van hoogmoedige geestelikes om Sy Godheid te bewys deur van die kruis af te kom.

Vasbeslote gee Hy Sy lewe oor in die hand van die Vader. En na drie dae word Sy dooie liggaam lewend in heerlikheid. En ALLES verander.

*Vreesbevange dissipels word Geesvervulde getuies. Vlugtende volgelinge word vasberade predikers.*

**Want Jesus het opgestaan.**

Nou kan my dooie liggaam met sy begeerlikhede uiteindelik sterf sodat die LEWE wat net Hy kan gee mense kan bedien.

**"Because He lives, I can face tomorrow."**



Ellison Mouton

**BANKBESONDERHEDE**

CHRISTEN GEMEENSKAPSBEDIENING
STANDARD BANK ~ HERMANUS ~ 1019-210-8318

# SAMEKOMSTE - APRIL TOT JUNIE 2026

## SONDAE / SUNDAYS

**OGGENDDIENSTE / MORNING SERVICES**
@09h30 Okkie Smuts skoolsaal


**Aanddienste/Evening services**
Soos aangedui op die almanak

**Geen aanddienste gedurende skoolvakansies en langnaweke nie**

**EXCLUDING SCHOOL HOLIDAYS AND LONG WEEKENDS**




**Preschool - Grade 4**



**Grade 5 tot 9**

*INDIEN JY GEROEPE VOEL OM BETROKKE TE RAAK BY DIE KINDER OF TIENERBEDIENING, SKAKEL GERUS VIR NEIL BY 0829605687



**WOENS @ 10VM & VRY @ 09.30VM**

## STANFORD GEBEDSGROEP

Bymekaarkomplekke sal op WApp groep gedeel word en is ook op die kalender. Hou die WhatsApp groep dop vir info.

## HERMANUS HOME GROUPS

Once a month we meet at one of the homes at **18h30.** Details will be announced on WhatsApp Group



## VROUEBEDIENING

As jy graag betrokke wil raak by hierdie bediening, laat weet my asb om jou op ons WA groepie te voeg - Linda by 083-844-3707

**VOLGENDE VERGADERING**
14 APRIL
ZESTY LEMON @ 10VM

## COMMUNION/ NAGMAAL

Communion will take place at the end of every month - we invite you to join us in this precious celebration of what Jesus has done and continues to do. In Luke 22:19 Jesus said "Do this in remembrance of me.




**APRIL**

Le-Adri Havenga 03-Apr

Niel Groenewald 07-Apr

Dee Henderson 11-Apr

Barbara vd Nest 13-Apr

Elaine Opperman 15-Apr

Janet Swarts 17-Apr

Christiaan du Plessis 18-Apr

Bernard Buitendag 19-Apr

Adanne Geldenhuys 21-Apr

Carlien Dreyer 22-Apr

Eddie Theron 22-Apr

Tony Dunn 22-Apr

Leon Swanepoel 27-Apr

**MEI**

Neil Olwagen 01-May

Frans Geldenhuys 05-May

Casper Bester 07-May

Adele Geldenhuys 10-May

Johan van Zyl 12-May

Elize de Villiers 13-May

Angeline Earl 13-May

Karel Mars 13-May

Mariet Swanepoel 14-May

Elize Roos 17-May

Rita Pio 18-May

Joline Swanepoel 19-May

Lenie Fick 26-May

Helen Henzen 29-May

Surene Lourens 29-May

Anschen du Plessis 31-May

**JUNIE**

Carolien Hattingh 15-Jun

Gerrie Geldenhuys 16-Jun

Irma Terblanche 22-Jun

Doanne Nowers 22-Jun

Helen Potgieter 23-Jun

Johan Hunter 25-Jun

Chris Swart 25-Jun

Michele 28-Jun

Vonk van Vuuren 29-Jun

**Seëninge in oorvloed !**

# DIT IS WEER SULKE TYD

Ons beplan weer ons immergewilde GESKENKBOKSE vir Kersfees wat vroeg Desember beskikbaar sal wees.

Die dames is druk besig met die inhoud van die bokse

Ons is nog in die begin stadium van beplanning. Enige donasies sal verwelkom word. Ons kort ook nog hande om te help, met brei, stik en bak.



# GEMEENSKAPS UITREIKE









## Sister Benita se sopkombuis en kombersies

Die fotos van Sister Benita by die kliniek is maar net ‘n bietjie terugvoer van een van die areas waar die Vrouebediening betrokke is.

Ons help haar al vir baie jare met bestanddele vir haar sopkombuis. Sy en haar man maak kos vir haar pasiënte – sy versorg die TB lyers in ons gemeenskap.

So ook het die dames van ons Vrouebediening geld bymekaar gemaak om kombersies aan te koop vir 31 van haar mees behoeftigste pasiënte.

Hierdie is ‘n “behind the scenes” uitreik en ons is oneindig dankbaar dat ons nog al die jare kan help.